HOËRSKOOL
CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAX: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBOURNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

5 Maart 2019

Geagte Ouer/Voog

BAIE BELANGRIKE INLIGTING: MODERNISERING VAN KOMMUNIKASIE

'n Belangrike wegbeweeg vanaf die d6 Communicator na d6 Connect word tans geïmplimenteer.

Dit is vir die skool belangrik om meer gebruikersvriendelik met u te kommunikeer. U kan die volgende inligting van u kind/ers by Hoërskool Centurion blitsvinnig sien: afwesighede, oortredings, rapportpunte en algemene inligting, asook kennisgewings. Die d6 Connect bevat ook die skoolkalender, sodat u met u kind/ers se skoolprogram/me kan sinchroniseer.

U word vriendelik versoek om die "app" (toepassing) van "Appstore / Play Store" af te laai. Daar word van u verwag om 'n wagwoord ("password") te kies. Daarna moet u die volgende instruksies volg:



Selekteer "Play Store"



Soek vir d6 Connect en selekteer "INSTALL".



Selekteer "OPEN"



Na installasie selekteer "Register"



Vul in al die leë velde soos hierbo, en selekteer “REGISTER”



Na registrasie vul in die leë velde met u selfoon nommer en wagwoord.

Selekteer die drie horisontale lyne links bo aan die skerm.



Selekteer KOPPEL.



Selekteer LEERDER.

Vul in al die leë velde soos hierbo.



Selekteer KOPPEL.



‘n Voorbeeld van die d6 Connect kalender.

U kan ook gerus van die geleentheid gebruik maak om as ‘n borg van die skool u advertensie op die “app” (toepassing) te plaas.

Om te verseker dat u op hoogte bly van alle gebeure, aktiwiteite en veranderinge, maak asseblief seker dat u die d6 Connect “app” (toepassing) aflaai.

Let asseblief daarop dat die d6 Communicator vanaf 11 Maart 2019 nie meer in werking sal wees nie.

Woerie-groete.

A. LABUSCHAGNE
ADJUNKHOOF: ADMINISTRASIE

H.J. KOEKEMOER
HOOF (WND.)

HOËRSKOOL
CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAX: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBOURNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

5 Maart 2019

Geagte Ouer/Voog

KOMMUNIKASIE: DIE MANIER HOE ONS MET U AS OUER/VOOG KOMMUMIKEER

Ons wil u graag aanmoedig om op hoogte te bly van ons algemene kommunikasie, gebeure en prestasies wat by Hoërskool Centurion plaasvind.

Hiermee die verskillende kommunikasieplatforms waarvan u gebruik kan maak:

Maxi-nuus: Die Maxi-nuus (nuusbrief) word weekliks op ’n Vrydag aan u per e-pos gestuur. Maak asseblief seker dat u op die skool se databasis is en wel die nuusbrief ontvang. Indien u nie die nuusbrief ontvang nie, kontak asseblief vir Marco by marco@hscenturion.co.za

Webtuiste: Ons webtuiste is tans onder konstruksie, maar hou gerus die spasie dop want binnekort spog ons met ‘n splinternuwe webtuiste. U kan gerus ons webtuiste besoek by: https://hscenturion.co.za

d6 Connect: Die doel van die d6 Connect “app” (toepassing) is om u toegang tot die volgende te gee:

1. U kind se punte
2. Dae afwesig
3. Oortredings
4. Kennisgewings van die skool
5. Toetsroosters en eksamenroosters
6. Afbakenings
7. Die skool se kalender met jaarprogram.

Facebook: Ons nooi u graag uit om ons Facebookbladsy te gaan “ like” en “ follow” om deel te wees van die daaglikse gebeure op en rondom die Woerie–kampus. U kan gerus die volgende skakel volg: https://www.facebook.com/HSCEN/

Instagram: Hierdie is ’n heerlike platform om te volg aangesien u deel kan wees van al die gebeure en foto’s wat by byeenkomste, gebeure en funksies by die skool geneem word. U kan gerus die volgende skakel volg: https://www.instagram.com/woeriekampus/?hl=en

YouTube: Ons spog met ‘n splinternuwe YouTube-kanaal waar al die nuutste videomateriaal opgelaai word. U is meer as welkom om dit te besoek deur die volgende skakel te volg: https://www.youtube.com/channel/UCNM4MJJ2Jn2W8dmIZlyqM1Q

SMS/E-pos: Die skool sal ook op ‘n gereelde basis vir u ‘n SMS of e-pos stuur wat belangrike inligting van die skool bevat. Die databasis is opgestel volgens een ouer/voog se kontakbesonderhede wat deur die inskrywingsproses verkry is. Indien u nie ‘n SMS of e-pos van die skool ontvang nie en u sou graag wou, kontak asseblief vir Marco by marco@hscenturion.co.za

Woerie-groete.

A. LABUSCHAGNE
ADJUNKHOOF: ADMINISTRASIE



H.J. KOEKEMOER
HOOF (WND.)